

VOETSLANER INPAKLYS (TIK AF):

- ☐ **Aktiewe drag** vir Seremonies (Sportsak / Kamp-sak)
- ☐ **Slegs spesiale voorskrifmedisyne** - ons verskaf basiese noodhulp
- ☐ **Staprugsak** met binne- of buiteraam en gemaklike heupgordel en skouerbande waarin al jou stapgoed pas - geen dagrugsakke nie
- ☐ **'n Reënbekleding** vir jou rugsak keer dat jou goed nat word as dit reën
- ☐ **Stapskoene** - moet ingeloop wees ou tekkies is dan beter as splinternuwe stapskoene!
- ☐ **Stapkouse** - verkieslik dikker kouse van natuurlike materiaal soos wol en katoen
- ☐ **Kamaste (gaiters)** hou jou kouse droog en beskerm dit teen steek- en klitsgrasse
- ☐ **Plakkies/sandale** om na 'n dag se stap, saans aan te trek
- ☐ **Slaapsak** - nie te swaar nie.
- ☐ **Sonbrandmiddel en Insekafweerder** soos Tabard of Byticol (nogal duur maar baie effektief teen bosluise)
- ☐ **Flits en ekstra batterye** - baie belangrik 'n Fluitjie om te blaas indien daar 'n noodgeval is
- ☐ **Reëndigte baadjie** of Poncho (goedkoop by buitelugwinkels beskikbaar)- dit gaan reën
- ☐ **Warm baadjie en 'n lang broek**. Nie 'n parka nie (vat tr veel plek) Puffer baadjies is nie reën dig nie!
- ☐ **Hoed** met 'n breë rand – nie 'n pet nie
- ☐ **Fluitjie**
- ☐ **Droë paar kouse vir elke dag**, hemp en onderklere (beperk tot die nodigste)
- ☐ **Tandeborsel en tandepasta, enkellaag toiletpapier**
- ☐ **Eetgerei, beker, plat bord, papierborde (NB!),** bakkie vir pap/poeding, Seep in klein houër, vadoek
- ☐ **Stapstofie en aluminium potjies** indien jy het. Ons kookspanne bestaan uit 4-5 persone en een stofie per kookspan is nodig
- ☐ Jou eie **Hangmat** (as jy het) anders sal ons een voorsien
- ☐ Ligte **seiltjie vir skuiling** as jy het anders sal ons een voorsien
- ☐ **4x ligte tentpenne** as jy het
- ☐ **Waterbottel(s)** ten minste 2 liter 2l water + 1l koeldrank. Coke bottels werk goed! – drinkwater is slegs by oornagpunte beskikbaar
- ☐ Klein verkyker as jy het, kamera, notaboekie en potlood/pen (opsioneel)
- ☐ **'n Stapstok** (opsioneel) Besemstok of black wattel werk goed.

RIGLYN VIR SAK PAK

Sportsak / Kamp-sak

- ☐ Pak 'n sportsak of kleiner rugsak met skoon klere, Voortrekkerdrag, toiletware en 'n handdoek. Hierdie sak bly by die kamp en is noodsaaklik.

Rugsak

- ☐ Pak al jou klere en slaapsak binne-in 'n stevige plastieksak (dikker as 'n gewone swartsak) voordat dit in die rugsak geplaas word. Dit dien as beskerming teen reën, water en vog.. 'n Groot Makro-sak werk uitstekend en kos ongeveer R2.

NB!! DIE GEWIG VAN JOU RUGSAK MAG NIE JOU EIE GEWIG GEDEEL DEUR VYF OORSKRY NIE!!

Byvoorbeeld: As jy 50kg weeg, mag dit nie meer as 10kg weeg nie.

Onthou 2 liter water weeg 2kg, jou kospakkie, wat aan jou verskaf word, van ongeveer 2kg moet ook nog moet bykom.

'n Swaar rugsak kan jou stapervaring bederf en jy kan met minder dinge klaarkom as wat jy dink!

Met aankoms sal alle rugsakke uitgepak en herpak word sodat die kos gelykop tussen die stappers verdeel kan word.